# Woodoc Patio Spesifikasieblad




**Tipiese Aanwending:**
'n Diep penetrerende was- en olievermenging, spesifiek geformuleer vir die reiniging en onderhoud van geoliede, verseëlde of verniste buitenshuise houtmeubels en houtwerk. Die herhaling van aanwending hang af van die vlak van blootstelling en die felheid van weerstoestande – veral blootstelling aan sonlig. Hout behoort eers met 'n Woodoc Verseëlaar verseël te word. **Let wel: Die produk kan houtdekke of –trappe glad maak. Gebruik dus baie spaarsamig daarop.**

**Produkeienskappe:**
Woodoc PATIO bevat UV-absorbeerders en is waterwerend. Dit reinig en verfraai nie net die oppervlak nie, maar penetreer, selfs deur bestaande oppervlaklae. Dit hou die hout gevoed en beklemtoon die grein daarvan. Die wasinhoud help om vog uit te sluit terwyl die UV-absorbeerders die verseëlaar se UV-weerstand aanvul.

- Verhoog die beskerming van hout teen seisoens- en omgewingsveranderinge.
- Bring die natuurlike kleur en grein van hout na vore.
- Verlewendig die oppervlak, terwyl dit ook reinig en verfris.
- Nie-giftig wanneer droog.
- Verenigbaar met die meeste vernisse, verseëlaars en afwerkings.
- Volledige gebruiksaanwysings op etiket.

**Nr:** WP/006
**Gedateer:** 24/02/25
**Naam:**
Woodoc Patio Maintenance Wax
Deep Penetrating Liquid Wax
For Maintenance of garden furniture and exterior wood.
**Beskrywing:**
Reinigings- en Onderhoudswas vir hout.
**Dekking:**
Hang van aanwending af.
**Aanwending:**
Verfkwas of lap.
**Drogingstyd:**
Nie van toepassing.
**Produkeienskappe:**
'n Kleurlose, vloeibare was geformuleer vir maksimale binnedringing.
Formaldehiedvry. Geen skadelike ontbindingsmateriale nie.
Vlambaar.
**Wasinhoud:**
Hoog
Behoort nie verdun te word nie.
**Verpakking:**
375 ml, 1 en 5 liter (20 en 200 liter op versoek by handelaar beskikbaar).

***LEES ALTYD DIE AANWYSING OP DIE HOUER VOOR AANWENDING. Skud voor gebruik.***

***VLAMBAAR. Hou buite bereik van kinders. Skadelik indien ingeneem word. Ingestie kan chemiese pneumonitis veroorsaak.***

Woodoc
FOOD FOR WOOD

Vervaardig in Suid-Afrika deur:
Rekara Mills (Edms.) Bpk.
Hoofweg 242, Walmer, Port Elizabeth (Gqeberha)
PostNet Suite #29, Privaatsak X0002, The Fig Tree, CHARLO, Port Elizabeth (Gqeberha), 6033